Die Afrikaner
Sedert 1970
R10
admin@hnp.org.za
Tel. 079 752 4898
Nr 2158 9 April 2021

Groot onstabiliteit verwag in SA

Groot onsekerheid ontstaan oor wat eerste inmekaar gaan tuimel, naamlik politiek of ekonomie? Die land se ekonomiese situasie is besig om daagliks te versleg en ten spyte van ANC-staatshoof Cyril Ramaphosa wat sê dat die ekonomie gaan herstel, dui alle tekens op die teenoorgestelde. Omtrent die enigste ekonoom wat dit nog af en toe glo, is wyle Pik Botha se seun, Roelof.

Die politieke bestel is lank reeds op die rand van mislukking, maar die tweespalt in die ANC en die uitspeel daarvan, kan die politieke kaartehuis laat intuimel.

Ramaphosa kan duidelik nie sy eie volgelinge beheer nie en kan sy party nie konsolideer nie. Pogings om die dwarstrekkers te muilband, het sigbaar finaal misluk met die sekretaris-generaal, Ace Magashule, se jongste uitdagende houding.

Die sogenaamde Radikale Ekonomiese Transformasie (RET)-groepering in die ANC, onder leiding van Magashule, Carl Niehaus en Jacob Zuma, is deur hul leier die swye opgelê, bo en behalwe dat Magashule binne ’n maand uit sy pos moet “opsy staan” omdat hy teregstaan op strafregtelike klagtes.

Hy was egter ’n spreker by ’n herdenking in Soweto, waar hy uitdagend uitbasuin het “Voorwaarts met RET, voorwaarts”. Hy het ook gesê die eienaarskap van die Suid-Afrikaanse ekonomie moet so gou moontlik in die hande van swart mense kom.

Die swart mense wat reeds in beheer van die ekonomie is, het dit reeds so verwoes dat waarnemers wonder of daar nog verder iets verwoesbaar is.

Die nuwe ouditeur-generaal, Tsakani Maluleke, het so pas verdoemende inligting gegee oor die stand van nasionale en provinsiale regeringsoudits vir 2019/2020.

Volgens haar is ’n groot punt van kommer die land se staatsondernemings. Sy sê van hulle het ernstige finansiële probleme en het nie eens finansiële state vir oudit ingedien nie. Hieronder tel South African Airways en LMT Products, 'n filiaal van Denel, wat albei onder sakeredding is, asook SA Express wat voorlopig gelikwideer word.

"Daarbenewens het baie staatsondernemings onsekerheid in hul finansiële state geopenbaar of hulle in staat sal wees om voort te gaan as 'n lopende saak," het Maluleke gesê.

Dit sluit in die Petroleumolie- en Gaskorporasie, Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, Denel en drie filiale (Densure, Denel Aerostructures en Denel Vehicle Systems), Onafhanklike Ontwikkelingstrust, Grond- en Landboubank van Suid-Afrika, Pelchem, en Suid-Afrikaanse Kernenergiekorporasie.

Eskom is een van die staatsondernemings wat nie deur die ouditeur-generaal beoordeel is nie. Dit blyk egter wel uit haar verslag dat die ANC-regering reeds waarborge van R445 miljard aan 11 staatsondernemings uitgereik het - waarvan R350 miljard aan Eskom was - en hierdie entiteite die waarborge gebruik het om lenings van R374 miljard te verkry.

(Vervolg op bladsy 15)

Die Redakteur

My vyand se vyand nie my vriend

Dis snaaks hoe mense of groepe met totaal teenoorgestelde denke en optrede, tog soms byna op mekaar se skoot te lande kom.

Na die vorige plaaslike regeringsverkiesing het ons gesien dat daar anti-ANC-koalisies gevorm word waarin die DA, EFF en VF+ skielik bedmaats geword het. Die EFF is egter nie juis 'n betroubare bondgenoot nie en het die koalisies van groter plekke soos Pretoria en Johannesburg laat sneuwel ter wille van sy eie belang.

Nou vind ons onsself byna in 'n soortgelyke situasie dat ons en die EFF gesamentlik kwaad is vir die ANC se arrogante en anti-blanke Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) vir Onderwys in wat hy Gauteng noem, Panyaza Lesufi.

Lesufi is uitgevang dat hy met tenders wil knoei en aankope vir skole net deur "sy mense" wil laat doen en dat hy daarmee sal inmeng, alhoewel hy nie graag uitgevang wil word nie – iets wat inderdaad gebeur het toe 'n koerant op gelekte dokumente afgekom het.

Uiteraard is al wat blanke en Afrikaner is dadelik in opstand. Lesufi het dit sy taak gemaak om die laaste Afrikaanstalige openbare skool te omvorm in 'n swart skool waar slegs Engels gepraat word. Hy het in sy loopbaan as LUR hom al telkemale die gramskap op die hals gehaal met sy onverbloemde anti-blanke en anti-Afrikaanse sentimente. Soos die ander ANC kaders, kom hy met die spreekwoordelike moord weg. Nie sy premier, of sy president, wat so hoog opgee oor versoening en nasiebou nie, spreek hom daaroor aan nie en hy stoomroller net voort.

Met sy verklaarde bereidheid tot inmenging met tenders by skole, het hy homself waarskynlik wawyd oopgemaak vir nepotisme en korrupsie en weer eens swyg sy ANC-base in al elf tale. Net soos hulle anderpad toe gekyk het toe sy departement ver oor die R400 miljoen spandeer het aan ontsmettingsmiddels vir skole.

Die interessante is dat die EFF nou ook ontevrede is met Lesufi en eis dat hy afgedank word. Hulle glo sy optrede grens aan hoogverraad en daarom moet hy dan nou gly.

Dit is dieselfde EFF wat nou so hoogheilig optree, terwyl talle van hulle leiersfigure verbind word met die skandaal van die VBS-bank en waar van hulle dalk nog daarvoor aan die pen kan ry deur regsoptrede. Ons en die EFF se saamstem oor Lesufi is dus beslis geen geval dat my vyand se vyand daardeur my vriend geword het nie. Inteendeel!

Vir ons is dit in wese om't ewe of Lesufi gly of bly. Hy sal net opgevolg word deur 'n ander ANC-kader, wat dieselfde sentiment van haat teen blankes en veral Afrikaners sal voortsit, wat ook sal toesien dat sy maatjies bevoordeel word en dat die laaste skool getransformeer moet word, overgesetsynde verswart en verengels.

Die oorlog om ons skole het ons reeds verloor. Ons moet nou die oorlog om ons kinders wen en dit gaan nie binne die bestel se skole wees nie. Die Covid-19 het skielik baie ouers se oë oopgemaak vir die moontlikhede van tuisonderrig. Inderdaad is dit nie vir almal moontlik nie, maar die geleenthede daarvoor het skielik meer geword. Dan is daar natuurlik nog talle goeie private skole, waarvan die BCVO (Beweging vir Christelik Volkseie Onderwys)-skole seker die vlagdraer is. Hulle matriekresultate het dit getoon. Daar lê die heil van ons kinders en nie in nuttelose oorloë met die Lesufi's van die land nie.

Die Afrikaner

Tel.: 079 752 4898 admin@hnp.org.za

Redakteur: Mnr. Henk van de Graaf
vandegraafhenk@gmail.com

Uitleg en tegniese versorging: Juanita Powroznik

Medewerkers: Mnr. Andries Breytenbach
Mnr. Hermanus van der Schyff
Mev. Alet Murray
Ds. Gideon Grobler
Mnr. Rudolf Buitendach

So is ons verraai (39)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (29)

Die bitter einde, danksy wette wat die Grondwet verbreek: 1993-1994

Teen Junie 1993 het die "Veelparty Onderhandelingsraad" (VPOR) bepaal dat 'n veelrassige nasionale verkiesing op 27 April 1994 gehou sou word. Die "Tussentydse Grondwet" wat deur die VPOR opgestel is, sou terselfdertyd in werking tree. Na die verkiesing sou die nuwe regering as 'n Grondwetgewende Vergadering optree en 'n nuwe, finale grondwet opstel wat aan 'n aantal "Grondwetlike Beginsels" waarop daar in die Veelparty Onderhandelingsforum (VPOF) ooreengekom is, sou voldoen. Hierdie beginsels sou in 'n bylae tot die Tussentydse Grondwet vervat word. Voordat die finale Grondwet van krag kon word, sou die Grondwetgewende Vergadering die teks aan 'n Grondwethof (wat in die nuwe bedeling tot stand sou kom) voorlê, welke hof dan sou beslis of die finale Grondwet aan die grondwetlike beginsels voldoen al dan nie. Indien die Grondwethof sou bevind dat dele van die nuwe Grondwet nie met die grondwetlike beginsels ooreenstem nie, sou daardie dele na die Grondwetgewende Vergadering terugverwys word vir hersiening, waarna dit weer aan die Grondwethof voorgelê sou word.

Die VPOR het die Tussentydse Grondwet teen November 1993 voltooi, maar nêrens in daardie grondwet of die Grondwetlike Beginsels was daar enige tekens van FW de Klerk se ondernemings wat hy gedurende die laaste verkiesing van 1989 of tydens die 1992-referendum aan die kieserskorps gegee het nie: geen fundamentele groepregte nie, geen roterende presidentskap nie, geen wigte en teenwigte nie. Dit het ook duidelik geword dat De Klerk hom nie aan die voorwaardes van sy laaste verkiesingsmandaat sou hou, naamlik om die werklike ***resultate van die onderhandelings aan sy kiesers voor te lê vir goedkeuring alvorens 'n nuwe bedeling ingelui sou word nie***.

Dit was egter nie al nie: De Klerk se optrede was ook strydig met die wet, en veral met die Grondwet van 1983, wat toe nog van krag was. Die beginsel van selfbeskikking was reeds in die aanhef van daardie grondwet vervat. Verder het artikel 52 daarvan bepaal dat Blanke-, Kleurling- en Indiërburgers van die land as kiesers kwalifiseer om die drie onderskeie huise in die parlement vir dié groepe te kies. Hierdie driekamerparlement kon nie 'n veelrassige verkiesing dikteer sonder om die heersende grondwet te verbreek nie. Nogtans het De Klerk en sy regering ongesteurd daarmee voortgegaan.

Die NP-regering het ook voor 'n ou eis van die ANC vir 'n "oorgangsregering" in die aanloop na die eerste veelrassige verkiesing, geswig en die Uitvoerende Oorgangsraadwet 151 van 1993 (*Transitional Executive Council Act*) deur die parlement geloods. Dié wet het 'n liggaam bekend as die Uitvoerende Oorgangsraad (UOR) (*Transitional Executive Council of TEC*), gedurende Desember 1993 tot stand gebring. Hierdie liggaam het onder andere uit leiers van die ANC en die SA Kommunistiese Party bestaan, wat in daardie stadium nie eers stemreg in SA gehad het nie, maar hulle is met groter magte beklee as selfs die nasionale kabinet. Dit was 'n absolute verbreking van Artikel 19 van die 1983-Grondwet wat toe nog van krag was. Om die waarheid te sê, kon 'n sekere meerderheid in die UOR selfs die staatspresident se magte en besluite oorheers (Wet 151 van 1993, artikel 15). Die UOR kon selfs ook enige optrede van enige regering of deelnemer daaraan, insluitend die Suid-Afrikaanse parlement, verbied (Wet 151 van 1993, artikel 13). Boonop het hierdie liggaam ook die oppergesag oor enige gewapende mag van 'n regering of 'n betrokke party, insluitend die Suid- Afrikaanse Verdedigingsmag en intelligensiedienste gehad (Wet 151 van 1993, artikels 16 en 20). Die UOR was 'n monster wat deur niemand verkies is nie, aan geen kieserskorps verantwoording verskuldig was nie en nogtans met die oppergesag oor beide die uitvoerende en wetgewende gesag in die land beklee was. Dit het inderdaad 'n algehele bespotting van die Suid-Afrikaanse reg gemaak.

In Januarie 1994 het De Klerk se nuwe Verkiesingswet no. 202 van 1993 in werking getree. Dit het weer eens, strydig met die bestaande grondwet se bepalings ten opsigte van kieserkwalifikasies, weggedoen

(Vervolg op bladsy 4)

(Van bladsy 5)

met rassekriteria vir kiesers, en het ook Suid-Afrikaanse burgerskap as vereiste om te mag stem, uitgegooi (dit was waarskynlik die eerste keer wat so 'n malheid in die wêreld plaasgevind het). Kragtens die bepalings van die nuwe Verkiesingswet (artikel 15), is stemreg nou ook na voormalige Suid-Afrikaanse burgers, hulle gades en kinders uitgebrei.

De Klerk en sy NP het hierdie ongrondwetlike stappe gedurende sy laaste maande as staatspresident net om een rede geneem: hy het geweet dat die meerderheid wit kiesers, en veral die Boere-Afrikaners, nooit die resultaat van sy "onderhandelings" en die grondwetlike model wat ná die verkiesing van 1994 op hulle gewag het, sou aanvaar nie. Dit was 'n model waarvoor die NP geen mandaat gehad het nie, 'n model wat heeltemal strydig was met 'n groot massa swartes en blankes se wense en wat les bes die Boere-Afrikanervolk tot vyfderangse burgers verneder en hulle sonder enige betekenisvolle invloed gelaat het in die samestelling en beleid van die regering wat voortaan hulle toekoms sou bepaal.

As gevolg van die Ciskei- en Bophuthatswana-regerings se weerstand teen insluiting in die nuwe Suid-Afrika en die verlies van hulle outonomie, het ANC reeds in 1990 met intimidasie van daardie regerings begin. Alles moontlik is gedoen om dié gebiede te destabiliseer deur stakings en onrus te stook. Uiteindelik is die ANC se gewapende "self-verdediging"-bendes ingestuur. Nadat hulle in Maart 1994 daarin geslaag het om wanorde in Bophuthatswana te skep, het Suid-Afrikaanse troepe inbeweeg, waarop die UOR beheer van die gebied geneem het totdat dit op die verkiesingsdag, ongeveer 'n maand later, weer by Suid-Afrika ingelyf is. Dieselfde prosedure is in die Ciskei herhaal (*Jonker: 133; Potgieter: 79, 92*).

Toe die Suid-Afrikaanse Weermag onder die voorwendsel van 'n noodtoestand, KwaZulu binnegeval het, het die IFP uiteindelik by die hoofstroomproses na 'n Suid-Afrikaanse eenheidstaat ingeval op voorwaarde — op die laaste nippertjie beding — dat die instelling, outoriteit en status van die Zoeloekoning in KwaZulu-Natal in die tussentydse sowel as die finale grondwet behou sou word (*Constitution of the Republic of South Africa Second Amendment Act, No.3 of 1994*). Die teenstand teen die eerste veelrassige verkiesing is dus op die laaste oomblik gestaak (*Sparks: 173; Basson 367*). Die Vryheidsfront, 'n nuwe politieke party, wat uit Boere-Afrikaner pogings tot selfbeskikking gespruit het, het etlike weke vroeër reeds geregistreer om aan die verkiesing te kon deelneem.

27 April 1994 — verkiesingsdag — is deur die wêreld as 'n wonderwerk beskou, maar geen beskaafde, werklik demokratiese land in die wêreld sou die flagrante onreëlmatighede wat deur die loop van hierdie dag gepleeg is, aanvaar het nie. Daar was nie 'n volledige kieserslys nie, en niemand het nodig gehad om as kieser vir die verkiesing te registreer nie. By die stembusse was daar nie sprake van sekuriteit nie en selfs die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) het nie probeer om die stemme te rekonsilieer nie (*South Africa: Campaign and election Report: 62-111*). Sonder 'n identifikasiedokument kon enigeen vir 'n tydelike stemkaart aansoek doen met min of geen bewys van identiteit nie.

(Vervolg op bladsy 15)

Moeg vir die stad en sy gejaag?
Breek weg vir 'n naweek, middeweek of vakansie by
Voorbegin Bosveldverblyf

Ongeveer 25km vanaf Warmbad, onder die pragtige Waterberge. Beleef die rustigheid van die pragtige Bosveld in ons volledig toegeruste selfsorg chalét, waar kleinwild hulle amper op jou braaiplek tuismaak, en waar ons die lekker Bosveldhout en tuisgebakte beskuit boonop gratis voorsien.

Prys: R799 per nag vir die hele Chalét (maksimum 4 persone). **(Pensionarisse en lesers van *Die Afrikaner* kry spesiale afslag!)**

Skakel ons by 076 563 3800 of bespreek by **vandegraafhenk@gmail.com** of besoek ons op Facebook.

Die Program van Beginsels van die HNP — Grondwet vir die Boere-Afrikanervolk (3)

Andries Breytenbach

Artikel 2 van die Program van Beginsels verklaar op welke grondslag ons volk ontstaan en gebou is, en dit is net natuurlik dat die HNP as volksliggaam dit as lewensbeskoulike grondslag aanvaar. Dit lui soos volg:

Grondslag

Die Heilige Skrif, die onfeilbare Woord van God, soos dit verstaan en uitgelê is in die Calvinistiese hervorming, waarvan ons die dankbare erfgename is, vorm die lewensbeskoulike grondslag van die Party.

Die HAT verklaar ’n **grondslag** as (1) “dit waarop iets berus, steun, gebaseer is; beginsel; fondament; en (2) Dit waarmee iets begin; uitgangspunt.”

Lewensbeskouing word beskryf as die “Oordeel oor die betekenis en doel van die menslike bestaan; lewensopvatting; lewensfilosofie.”

Van Riebeeck en sy geselskap het na die Kaap gekom pas na die beëindiging van die tagtigjarige oorlog tussen Nederland en Spanje. Spanje het die Rooms-Katolisisme aangehang, terwyl Nederland die protestantse beskouing van die Kerkhervorming, en nog meer spesifiek die leerstellinge en verstaan van die Bybel soos deur Calvyn en sy medehervormers uitgelê, aanvaar het. Die tagtigjarige oorlog het die botsing tussen die lewensbeskouings wat uit die twee strominge voortgekom het, verteenwoordig.

Dit is nie maar ’n historiese toevalligheid dat Van Riebeeck as die draer van die suiwer gereformeerde leer en geloof die planter van ’n nedersetting was wat tot ’n nuwe protestantse volk sou groei nie. Voor hom het seevaarders van ’n katolieke land soos Portugal reeds jare lank by die Kaap verbygevaar sonder om ’n poging aan te wend om ’n nedersetting hier te vestig. Ons beskou dit as ’n Godsbeskikking dat die vestiging aan die Kaap deur die protestante van Nederland plaasgevind het en geslaagd was. Van Riebeeck en sy geselskap het dit ook so gesien en kon daarom op 6 April 1654 verklaar ***“dat God die HERE alle sake tot vandag toe met vele seëninge voorspoedig en na wense laat verloop en laat slaag het, daarom het ons besluit, ... om hierdie dag, die 6de April, tot eer van God met danksegging te vier en vir altyd tot ‘n vasblywende dank- en biddag in te stel, sodat die weldade van die HERE wat aan ons bewys is, deur ons nakomelinge nooit vergeet mag word nie, maar altyd tot eer van God in gedagtenis en herinnering gehou sal word.”***

Dat daar verskeie strominge in die protestantisme is, is ’n feit en daarom word hierbo duidelik verklaar dat ons die “Woord van God, soos dit verstaan en uitgelê is in die *Calvinistiese hervorming*”, as lewensbeskoulike grondslag aanvaar. Sodoende word vaagheid en onsekerheid oor wat ons as grondslag aanvaar, uitgeskakel.

Hierdie is nie die plek om ’n omstandige uiteensetting van die Calvinistiese verstaan en uitleg van die Bybel weer te gee nie. Dit is voldoende om kortliks te stel dat die drie-enige God bely word as die Skepper en Onderhouer van alle dinge, en uit hoofde daarvan behoort álle lewensterreine, dus ook die staatkundige, (dit wil sê die politiek) en die volkslewe tot sy eer geheilig en bedryf te word.

Die bedoeling van die artikel is dus nie om mense wat nie spesifiek aanhangers van die Calvinisme is, uit te sluit nie, maar wel om te verklaar dat ons ’n Christelike party is wat die opperheerskappy van God erken en ons verantwoordelikheid om daarvolgens te leef, aanvaar. Alle verdere beginsels en uitgangspunte word deur dié grondslag bepaal. Volksgenote wat so gesind is en dit aanvaar, is dus welkom om lede te word van die Party.

Hierdie **grondslag** is in absolute teenstelling met die huidige ANC-grondwet vir Suid-Afrika, wat ’n antiChristelike lewensbeskouing weerspieël wat die mens effektief tot ’n god verhef — ’n god wie se “menseregte” en beskouings meer gesag dra as die woord en wet van God. Tussen hierdie twee lewensbeskoulike grondslae kan geen gemeenskap wees nie en dit skakel enige gedagte aan ’n enkele nasieskap absoluut uit.

HUTTEN-BUCHDIENST

Posbus 70770, Die Wilgers, 0041
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers
www.hutten.co.za
hutten.buchdienst@gmail.com
072 229 2148

Buiteland
kortliks

Al meer spanning tussen VSA en Rusland

Daar word al meer gepraat van ‘n hervatting van die Koue Oorlog tussen Amerika en Rusland, veral sedert Joe Biden by Donald Trump oorgeneem het as president van Amerika.

Onlangs het ene Damon Young, 'n swart medewerker van die *New York Times* in *The Root* geskryf dat 'witheid 'n pandemie is' en 'die enigste manier om dit te stop, is om dit op te spoor, te isoleer, uit te haal en dood te maak'.

"Wit oppergesag is 'n virus wat, net soos ander virusse, nie sal sterf voordat daar geen liggame meer is om dit te besmet nie," volgens Young. Hy werk steeds vir *The Root* en die *New York Times* en het geweier om sy anti-wit uitbarsting te veroordeel.

Die Franse historikus, Pierre-André Taguieff, meen dat sulke ideologieë ontstaan het uit 'n “haat vir die Weste, as 'n wit beskawing”. “Die algemene agenda van hierdie vyande van die Europese beskawing kan in drie woorde saamgevat word: dekoloniseer, ontmantel, de-Europeaniseer. Reguit wit mannetjie - dit is die skuldige om te veroordeel en die vyand om uit te skakel,” het Taguieff verduidelik.

Hierdie en ander optredes het daartoe gelei dat die Russiese minister van buitelandse sake, Sergei Lavrov, gewaarsku het teen toenemende anti-blanke rassisme in die Verenigde State en gesê dat waar politieke korrektheid "tot die uiterste" geneem word, dit betreurenswaardige gevolge sal hê.

Lavrov het in 'n onderhoud op nasionale televisie daarop gewys dat Russe 'pioniers was in die beweging wat gelyke regte vir mense met enige velkleur bevorder'. Moskou ondersteun 'n wêreldwye neiging om "van rassisme ontslae te raak", maar voeg by dat dit nie moet "oorgaan na die ander uiterste wat ons tydens die BLM-gebeure en die aggressie teen wit mense, wit Amerikaanse burgers gesien het nie".

Lavrov het die VSA daarvan beskuldig dat hulle 'n wêreldwye ‘kulturele rewolusie' aangewakker het en gewaarsku dat dit groot probleme kan oplewer.

Intussen het die sosiale mediaplatform, Facebook, ook besluit dat geen stemopname van Donald Trump op sy platform welkom is nie. Sy skoondogter het verlede week ’n onderhoud met hom gevoer en op haar Facebook geplaas. Dit is summier verwyder en Facebook het gewaarsku dat enigiemand wat ‘n video of stemopname van Trump plaas, ook aan sensuur onderwerp sal word. Tydens die betrokke onderhoud het Trump laat blyk dat hy dit sterk oorweeg om weer as presidentskandidaat te staan in 2024.

Hoe gaan Mosambiek SA raak?

Die situasie in Mosambiek, waar Moslem ekstremiste met bande met Isis die stad Palma oorgeneem het, wek kommer en daar word reeds bespiegel wat die invloed uiteindelik op Suid-Afrika kan wees.

Die Mosambiekse weermag is nie in staat om die rebellemagte te keer nie en die rebelle het trouens voertuie en toerusting van die weermag gebuit in skermutselings, waardeur hulle nou vinniger kan beweeg en ook wapentuig makliker kan vervoer.

Baie Mosambiekse burgers in die noorde van die land vlug na die suide, en daar word gevrees dat as hulle nie daar gehuisves en gevoed kan word nie, hulle verder kan beweeg en die Suid-Afrikaanse grens oorsteek. ’n Verdere groot probleem is dat van die rebelle aan dieselfde stam as die vlugtende inwoners behoort en dit nie seker is hoeveel van hulle hul ook al baie verder suid begeef het as wat vermoed word. Een kenner sê dit is fisies onmoontlik om tussen vriend en vyand te onderskei.

Die Franse oliereus, Total, het al sy mense onttrek en sy raffinadery net daar gelaat. Wat dit vir brandstofvoorsiening vir die streek kan inhou, is tans nog onseker.

Mosambiek het ook in ’n verrassende wending sy enigste hulp, die Dyck Advisory Group (DAG) se kontrak nie hernu nie, wat beteken dat dit die Moslem-rebelle in ‘n nog beter posisie sal plaas.

Engeland eerste om Corona-paspoort te toets

'n Proef met sogenaamde Corona-paspoorte sal vandeesmaand in die Verenigde Koninkryk begin. Die owerhede hoop dat deur so 'n 'paspoort' in Engeland in te stel, sportwedstryde, konferensies en ander geleenthede weer gehou kan word.

Britte sal binnekort kan wys of hulle ingeënt is en of hulle onlangs 'n negatiewe uitslag gehad het. As burgers die afgelope ses maande positief getoets het, kan so 'n paspoort ook aanteken dat hulle natuurlike immuniteit opgebou het.

Mense sal binnekort deur middel van ’n toepassing of 'n sertifikaat kan aantoon dat hulle ingeënt of negatief getoets is. Mense hoef nie so 'n paspoort te toon om toegang tot openbare vervoer of 'noodsaaklike' winkels, soos supermarkte, te kry nie. Die gesondheidsdiens werk nog aan die besonderhede van die stelsel.

Die loodsprojek begin op 16 April tydens ’n vermaaklikheidsvertoning in Liverpool en duur tot middel Mei. Die planne vir die instelling van 'n Corona-paspoort is polities sensitief, ook binne die party van premier Boris Johnson. Kritici wil voorkom dat mense by so 'n onderneming of instansie deur so 'n paspoortstelsel geweier word.

Volgens die Britse nuuskanaal, ITV, beklemtoon die ministers dat daar steeds gesprekke gevoer word met kundiges oor watter reëls op die langtermyn sal geld. Daar moet byvoorbeeld 'n uitsondering wees vir mense wat nie ingeënt kan word nie. Meer as 31 miljoen Britte het reeds 'n eerste inspuiting gehad. Dit is byna die helfte van die bevolking.

Die Britse regering het ook 'n nuwe stelsel aangekondig vir mense wat na die buiteland wil gaan. Dit word beskryf as 'n 'verkeerslig'. Britte wat na 'groen' lande gaan, hoef nie terug te keer na self-isolasie nie, terwyl 'oranje' en 'rooi' gebiede aan strenger reëls onderworpe is.

Die kleur van 'n land hang af van allerlei faktore. Daar word byvoorbeeld gekyk na die persentasie van die bevolking wat ingeënt is en die aanwesigheid van nuwe Corona-variante. Die nuwe stelsel kan op 17 Mei bekendgestel word. Op die oomblik verbied die Verenigde Koninkryk steeds onnodige reis na die buiteland.

Duitsers loop deur onder vreemde misdadigers

In 2019 het die Duitse polisie ongeveer 70 000 sake opgelos waarby minstens een Duitse verdagte betrokke was en minstens een buitelander 'n slagoffer was. Aan die ander kant was daar ongeveer 130 000 strafregtelike oortredings waarin minstens een nie-Duitser strafregtelik teen 'n Duitser opgetree het.

Dit blyk uit syfers wat die federale regering openbaar het na ’n vraag van die Bundestag for Alternative for Germany (AfD)-parlementslid, Stephan Brandner.

Die aantal buitelanders in Duitsland was in 2019 ongeveer 12,5 persent van die bevolking.

Die AfD-politikus wou ook weet hoe hoog die persentasie immigrante onder die verdagtes was in gevalle waarin Duitsers slagoffers was. Die polisie het ongeveer 35 500 sulke sake in 2019 geregistreer. Die meeste verdagtes kom uit Sirië, Afghanistan en Irak.

In moordsake was daar 248 voorvalle met 'n Duitser as verdagte en 'n buitelander as slagoffer. Omgekeerd was daar 356 sake.

Die AfD-politikus het ook kritiek gelewer op die feit dat Duitse slagoffers van buitelandse misdaad nie in die openbare oog was nie. “Dit is die plig van 'n staat om sy bevolking te beskerm teen vermybare geweldsmisdaad. Misdadige asielsoekers moet dus onmiddellik gedeporteer word. Hulle het hul reg op beskerming verloor,” het Brandner gesê.

Dit blyk ook dat die aantal veroordeelde buitelandse oortreders die afgelope jare aansienlik toegeneem het. Die afgelope dekade het dit met 51 persent gegroei.

AfriSolar Supplies

Winkel 1, Bell Geddes Zone,
Braam Pretoriusstreet 321 (h/v Koraalboom),
Magalieskruin

* Solar-produkte
* Installasie van solar-sisteme

Axel Powroznik: 082 22 44 584
sales@afrisolarsupplies.co.za facebook: AfriSolar Supplies

WERDA GASTEHUIS
Upington akkommodasie

Perfek vir ‘n blaaskans op pad na Namibië of Namakwaland. Ons bied billike selfsorg-akkommodasie vir enkelinge tot gesinne van 6. Alle kamers is toegerus met lugverkoeling, DStv, ‘n klein kombuisie met yskas, mikrogolf en ketel. Eetgerei, linne en handdoeke word voorsien.

Normale prys: R400 vir 2 persone - spesiale afslag vir lesers van *Die Afrikaner.*

082 338 0934 / admin@werdakamers.co.za

Belgiese Covid-maatreëls onwettig, sê hof

'n Regter in die Belgiese hoofstad Brussel het beslis dat die regsgrondslag waarop al die Covid-maatreëls gebaseer is, nie voldoende is nie en het die regering dertig dae gegee om of die regsgrondslag daar te stel, of om die maatreëls terug te trek. Die minister van binnelandse sake, Annelies Verlinden, het aangedui dat die regering appèl aanteken teen die uitspraak en dat al die huidige maatreëls in plek sal bly.

Die huidige maatreëls is gebaseer op die Wet op Burgerlike Veiligheid van 2007 en twee ander wette. Daardie wet is ingestel na die gasramp in Ghislenghien om vinnig na sulke rampe op te tree, maar die regter het beslis dat hierdie wette nie die basis kan wees vir die ministeriële besluite waardeur die Covid-maatreëls uitgereik word nie.

Die parlement sal binnekort oor 'n pandemiewet debatteer. Hierdie uitspraak plaas net meer druk om so 'n wet vinnig te aanvaar.

Indien die regering nie binne 30 dae die regte regsgrondslag daarstel nie, sal 'n boete van 5 000 euro per dag van toepassing wees vir elke dag wat dié tydperk oorskry word, maar met 'n maksimum van 200 000 euro (net meer as R3 miljoen).

Regse Duitse partye wen deur asielbeleid

Volgens nuwe meningspeilings in Duitsland kan regse politieke partye 'n toename in steun verwag. Dit is hoofsaaklik as gevolg van kanselier Angela Merkel se sogenaamde oopdeurbeleid, wat Duitsland en Europa se deure wawyd oopgegooi het vir vreemdelinge, wat probeer vaste verblyfreg kry deur te beweer dat hulle asielsoekers is.

"As daar meer vlugtelinge in 'n streek woon, sal regse partye soos die National Democratic Party of Germany (NPD), die Republikeine, en die Alternative for Germany (AfD) meer stemme verower," het die Leibniz Instituut vir Ekonomiese Ondersoek (RWI) in Essen bevind nadat hulle twee studiestukke hieroor laat verskyn/publiseer/uitgee het.

Een van die oorsake is dat die asielsoekers dikwels in bepaalde sentra of woongebiede gehuisves word. Nou word daar aanbeveel dat die verspreiding meer eweredig moet plaasvind sodat die vreemdelinge nie te opvallend is nie. Sonder dat dit gesê word, is die bedoeling dat die vreemdelinge se stemme uiteindelik op dié manier die regse stemme moet neutraliseer.

Bretagne veg vir hul taal

Meer as 5 000 betogers het in Quimper byeengekom ten gunste van die verdediging van streektale in Bretagne. 'n Ooreenkoms oor streektale is met die Franse regering bereik, maar dié verval binnekort en word die onderhandeling daarvan aan die streke oorgedra.

Etlike duisende betogers het gereageer op die oproep van die Bretonse en Gallo-onderwysverenigings vir die verdediging van Breton en Gallo.

Covid eis historiese Russiese winkel

As gevolg van die Covind-inperkings waaraan Rusland ook onderwerp is, het 'n geskiedkundige kruidenierswarewinkel in sentraal Moskou sy deure ná meer as 100 jaar gesluit.

Die Jeliseiefski winkel het aan die begin van die vorige eeu sy deure geopen en is bekend vir die paleisagtige nieu-barok argitektuur. Die winkel was ook bekend vir SU groot verskeidenheid aandenkings en heerlike kos. Tydens die Sowjet-era was die winkel bekend as Gastronom nommer Een.

Die winkel het hoofsaaklik oorleef deur die besoeke van toeriste, maar dit het opgedroog met die wêreldwye inperkings.

Binnelandse Nuus

Van Riebeeckdag stilweg herdenk

Alhoewel Van Riebeeckdag (latere Stigtingsdag) op 6 April geen amptelike vakansiedag is nie, word dit tog in volksgeledere in ere herdenk.

Veral op sosiale netwerke is foto's van Van Riebeeck versprei en baie aandag is aan sy Gelofte gegee, twee jaar nadat hy voet aan wal in die Kaap gesit het.

Enkele volksorganisasies, soos die Verkennersbeweging, het wel funksies gehou om die dag en geleentheid te onthou.

Biko beeld beskadig

Ook die ANC se verklaarde helde loop deur onder die gees van vandalisme wat in die land heers en waaraan die regering niks kan of wil doen nie.

Die Steve Biko-beeld wat nog deur Nelson Mandela in Oos-Londen onthul is, het onder vandale deurgeloop wat die beeld se voetstuk met verf en slagspreuke toegetakel het.

Koster wag nog vir geld

Die stadsraad van Koster en Swartruggens is deur die hof beveel om R15,8 miljoen te betaal aan die inwoners wat self ingespring het om die water en ander dienste weer aan die gang te kry.

Sover het hulle nog geen vergoeding gekry nie en sal die saak waarskynlik weer in die hof draai, wat koste verder gaan verhoog. Hofbevele word al minder uitgevoer veral waar daar enige vorm van staatsinstelling betrokke is.

Blanke deur polisie aangerand

In die Witrivier polisiekantoor is 'n blanke man aangerand deur polisielede. 'n Video van die voorval is wyd op sosiale media versprei. Die man is geïdentifiseer as Barend Byliefeldt. Die polisie het kennis geneem van die voorval maar nog geen vordering is skynbaar met die ondersoek gemaak nie.

Sjinese wil beskermde bome uitroei

'n Groot Sjinese projek, wat reeds deur die Suid-Afrikaanse regering goedgekeur is, gaan waarskynlik daartoe lei dat meer as 109 000 beskermde kremetart- en maroelabome in die slag kan bly.

Die Energie- en Metallurgiese Spesiale Ekonomiese Sone (EMSEZ), is 'n Sjinese projek wat vir die verre Noord-Transvaal beplan word.

Sjina beplan om teen 2024 sowat 8 000 hektaar van die projek tussen Messina en Louis Trichardt af te handel.

Die projek sal volgens 'n omgewingsimpakstudie deur Delta Built Environmental Consultants wat verlede maand uitgereik is, bedrywe soos staal- en sementfabrieke teen 'n beraamde R247,8 miljard oprig en om daarvoor plek te maak, sal altesaam 209 000 beskermde Suid-Afrikaanse bome afgekap moet word.

Om *Die Afrikaner* uit te gee, kos geld.
Met u finansiële bydrae kan u ons help om daarin te volhard.
Ondersteun ons asseblief!

Skenkings kan inbetaal word op die HNP se bankrekening.

Die besonderhede is soos volg:
Absa Tjekrekening. Naam van rekening: **HNP**
Takkode: 632 005 Rekeningnommer: **020 001 348**
Verwysing: **U Van en Voorletters**
Stuur bewys van betaling na admin@hnp.org.za

Die Afrikaner is bevoorreg om weer Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan plaas.

Alet Murray het hierdie briewe van 'n heelwat jonger Lettie aan 'n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans ingeperk sit in 'n ouetehuis..

Liewe sus Katrien,

Ek het altyd gedink 'n kunstenaar is iemand wat met 'n groot talent gebore word en dan sy hele lewe daaraan wy om die talent te ontwikkel totdat hy later prente kan verf of beelde kan maak waarvoor mense groot pryse betaal. Van kitskunstenaars het ek eers hier op TWEEDE WIND kom uitvind.

Andries en Annatjie het in 'n oord vir bejaardes gaan aftree. Nadat die nuutjie van die skuif verflou het, het hulle begin verveeld raak. Hulle hoor toe van so 'n oulike plaas waar 'n mens vir 'n week lank kan gaan bly en hulle dan van jou 'n kunstenaar maak deur wonderlike klasse aan te bied. Die twee het hulle bakkie gepak en die pad soontoe gevat.

Oggend, middag en aand is hulle onderrig in verskillende soorte kuns. Andries het begin skilder en Annatjie het begin om klein kleibeeldjies te maak. Daar het 'n groot ommekeer in hulle lewens gekom. Die dag toe hulle daar uitstap, geklee in identiese pers sweetpakke, was hul Andante en Allegro, professionele kunstenaars.

"Ag siestog, en toe ons deur Beaufort-Wes ry, staan daar 'n man met die arme verwaarloosde klein donkietjie," vertel Allegro. "Net daar sê ek vir Andante hy moet stop, daar is ons kunsmodel," sê sy terwyl sy opstaan om nog 'n stukkie hout in Union no.8 se pens te voer.

"Haai, en net daar koop julle hom toe?" vra Lina-van-Jakobus.

"Ja, net daar. Maak toe vir hom 'n plekkie agter tussen die bagasie en kunswerke en vat koers huis toe. Ons eie klein Beaufort!"

Die wind het opgesteek en sny nou om die hoeke van die Handelspos. Een-een begin van die manne ook inloer vir n warm drinkdingetjie.

"Die moeilikheid was die oord," kom Andante se stem van die deur af. "Ons het gedink daar is genoeg gras vir Beaufort om op te wei, toe kom die komitee en sê ons reëls bepaal dat ons nie mag troeteldiere aanhou nie. Toe sê ek Beaufort is nie 'n troeteldonkie nie, hy is 'n kunstenaarsmodel en sommer 'n grassnyer vir hulle ook. Toe wip daardie opstêrs vrou haar en sê hulle hou nie van sy bemesting nie en boonop snoei hy haar kannas en dahlias ook."

"Ag siestog, en wat doen julle toe?"

"Ons het maar solank vir hom 'n blyplekkie by vriende op 'n kleinhoewe gekry. Toe Tewie en Petronella ons egter van TWEEDE WIND vertel, het ons geweet dis waar ons Beaufortjie gelukkig sal wees."

"Klein donkies word groot donkies... wat gaan julle dan doen?" vra Servaas.

"Dan kry ons maar vir hom 'n ou vroutjie en ons noem haar Victoria. Dink net - mnr. en mev. Beaufort en Victoria-Wes."

"Hmfff... en al die klein Wessies..." Brom Servaas onderlangs.

Skielik spring Sienie met wapperende voorskoot op en draf by die deur uit na die bakoond toe. Met die lekker geselsery oor donkies, het ons almal vergeet dat ons eintlik sit en wag om te kyk of die bakoond goed werk. Sienie het gaan kyk of haar eerste brood nie al tot klip gebak is nie, maar kom trots met 'n heerlike vars boerebrood in. Versigtig word hy op die tafel by die botter en appelkooskonfyt wat gereed staan, neergesit.

Hermanus lig sy koffiebeker: "Gesondheid op die vreugde en vryheid en regte boerebrood van ons eie TWEEDE WIND!"

"En ons troeteldiere..." knipoog Servaas vir my.

Groete aan ou Swaer
Jou liefhebbende
Sus Lettie

Woord en wêreld

Op watter wyse kyk ons na ons omstandighede?



Skrifgedeelte: *Gen.1-8; 50:20 en 1Pet.2:19.*
Gen. 50:20 "Want júlle het wel kwaad teen my bedink, maar God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is, om 'n groot volk in die lewe te hou."

Dr. Gideon Grobler

Oordenking:



Ons lees in Genesis van die bitter onreg aan Josef deur sy broers.

Nêrens is daar 'n spoor in Josef se woorde of denke dat dié onreg reggestel moet word nie! Hy dink vanuit God, weet dat God alles beheer en al is Hy nooit die skepper van die kwaad nie, laat Hy dit toe, ...om Sy kinders ook daardeur op te bou, te versterk.

Al was die ervaring hoe pynlik vir Josef, weet hy dit kom van God en probeer hy die goed daarin sien. Omdat hy vanuit God dink kan hy antwoord soos in vers 20!

In die Nuwe Testament sien ons die absolute volmaakte daarvan in Christus. Daarom roep Petrus na God se kinders wat deur hul denke en dade **IN** Hom moet wees om ook wanneer onreg hulle te beurt val, soos Christus ons die voorbeeld stel, op te tree.

Hierdie saak kom nie vanself nie, maar vra toegewyde volharding in probeer, val, opstaan, val, huil, opstaan...! My aanhou opstaan word aangevuur deur my dank aan Christus wat onmeetbaar meer as dit vir mý moes deurmaak!

Gebed:
Hemelse Vader, laat U naam tog geheilig word deur my denke, begeertes en dade.

AMEN

OB kry weer bloedneus

Die bewind se Openbare Beskermer, Busisiwe Mkhwebane, het weer 'n bloedneus in die hof gekry nadat haar verlof tot appèl misluk is.

Vroeër het sy in die Johannesburgse hooggeregshof lelik slae gekry toe dié hof beslis het dat haar verslag oor die Inkomstediens se geheime eenheid "fopnuus" is. Die hof het selfs verder gegaan deur te sê die verslag is die produk van 'n totaal irrasionale proses wat gestroop is van enige wetlike of feitlike grondslag en dat sy haar kantoor gebruik het om fopnuus propaganda-fiksie wat lank reeds dood was, te laat herleef.

Sy het die ondersoek ingestel nadat die EFF 'n klagte by die OB-kantoor gelê het, waarna sy die Nugent-verslag, wat die omstrede Tom Moyane betrek het by skreiende ongeregtighede. Die EFF wou Pravin Gordhan bykom en Mkhwebane het haarself duidelik voor die EFF-karretjie laat inspan.

Intussen is 'n parlementêre proses aan die gang om Mkhwebane uit haar pos te onthef. Die parlement het gestem ten gunste daarvan dat 'n komitee moet ondersoek of sy moet gaan of nie. Die Speaker het nou 'n komitee van 26 lede aangewys wat oor haar lot moet beslis.

Nuwe naam gaan dienste verseker

Dit lyk vir **Sarel** of naamsveranderings iets van die nuwe ruwe Suid-Afrika van Nelson Mandela en sy (FW de) Klerk gaan bly. Veranderde name word weer verander, net sodat ons kan bly verdwaal.

Die Mbizana munisipaliteit in die Oos-Kaap (weet iemand presies waar dit is..?) het verlede week weer 'n naamsverandering ondergaan. Dit heet nou die Winnie Madikizela Mandela-munisipaliteit. Dit is omdat die afgedankte en weggejaagde eks van Nelson Mandela in die dorpie Mbhongweni gebore is.

Volgens die RSG-nuusberig wat hierdie belangrike aankondiging gemaak het, is die betrokke dorpie een van die onderontwikkelde gebiede in die provinsie.

En dan kom RSG se juweeltjie: "Inwoners hoop dat die name van Madkizela Mandela en Oliver Tambo verandering en ontwikkeling vir landelike gemeenskappe sal beteken. Die gebiede het steeds 'n gebrek aan water, elektrisiteit en behoorlike paaie terwyl die werkloosheidskoers ook hoog is."

• *Nou toe nou. So eenvoudig soos dit. Amptenare doen nie hulle werk nie, maar verander net die naam en siedaar: alles gebeur eensklaps*!

Een taal uit, ander een in

Net so onverklaarbaar vir redelike mense dat naamsveranderings dinge gaan verbeter, is dit om een taal te vervang met 'n ander een.

Sarel het tog gedink dat akademici en veral akademiese instellings, darem met iets beters vorendag sou kon kom as dit. Maar dit is inderdaad wat by die Universiteit van Stellenbosch skynbaar beplan word.

Daar was weke lank 'n herrie omdat studente nie eens meer in private gesprekke Afrikaans mag besig nie.

Nou wil dié universiteit Xhosa as akademiese taal ontwikkel "sodat die universiteit toeganklik kan word vir alle studente".

Ja, seker vir alle studente behalwe Afrikaanssprekendes.

• **Sarel** *glo nie die taalverandering gaan dinge verander nie. Daar moet eerder gelet word op 'n kultuurverandering, van minder 'demand', meer presteer, minder brand en breek en meer bou. Maar nou ja, so van Van Riebeeckdag gepraat, onse Jan het dit al in 1652 met Hêrrie die Strandloper probeer en nie veel het verander nie, as* **Sarel** *so agter sy pyp se rookwolke na die spulletjie kyk.*

Almal onskuldig voor Zondo

Die "man met die growwe stem van Luthulihuis wat vir almal voorskryf", aldus destydse waarnemende president Cyril Ramaphosa, het ook voor die Zondo-kommissie van ondersoek na Staatskaping verskyn. Dis natuurlik niemand anders nie as Gwede Mantashe.

Hy is voor Zondo uitgevra oor omkopery na opgraderings van veiligheid by Mantashe se drie private huise. Nee, seg die man in sy kenmerkende growwe stem, hy het nooit en sal nooit omkoopgeskenke aanvaar nie.

Die ouderdom speel maar soms parte, maar as **Sarel** se geheue hom nie te erg in die steek laat nie, het ander voor hom al dieselfde gesê, maar dan begin die vingers tog uiteindelik duideliker wys wat die waarheid is. En woorde voor Zondo het maar redelik holklinkend geword en **Sarel** weet nie of selfs die geleerde adjunkhoofregter sal kan onderskei tussen sin en onsin nie.

• *Intussen gaan die kommissie stewig voort teen 'n aansienlike bedrag per dag op koste van die belastingbetaler. Die kommissie moes al einde Maart klaargemaak het, maar sy soustrein het al stewig in April ingestoom en* **Sarel** *wonder of dit nie ook maar 'n moderne vorm van staatskaping is nie, want dit tap steeds geld uit die belastingkas.*

Onttrek asb., U Edele

Sekere gebruike word skynbaar nogal gewild.

Soos om vir regters te vra dat hulle van sake moet onttrek omdat hulle bevooroordeeld sou wees.

Ou Jacob Zuma het dit met regter Zondo in die Zondo-kommissie probeer. Toe werk dit nie, maar tog het ou Jacob dit reggekry om die proses so te

(Vervolg op bladsy 13)

(Van bladsy 12)

laat sloer dat hy waarskynlik dood gaan wees voordat Zondo hom in die warm stoel gaan kry.

Die voormalige hoof van misdaadintelligensie, Richard Mdluli, het nou dieselfde taktiek as sy mentor Jacob probeer. Mdluli staan (ook) tereg op klagtes van bedrog en korrupsie en vra toe dat die betrokke regter, Bert Bam, hom aan die saak moet onttrek omdat die Edele bevooroordeeld sou wees teen hom wat Mdluli is.

Gelukkig het die regter dit sommer vinnig van die tafel gevee en gesê dit is nie in die belang van geregtigheid dat hy hom aan die saak onttrek nie.

Mdluli was skynbaar kwaad omdat Bam vroeër "sonder rede" 'n dagvaarding laat uitreik het vir Mdluli se inhegtenisneming en toe boonop toegelaat het dat die hofverrigtinge deur die media opgeneem word sonder om die regspanne te raadpleeg.

• *As die kat kleintjies kry, moet daar ook rede voor wees. As dit so aangaan gaan* **Sarel** *volgende keer as hy gedagvaar word omdat hy nie sy onberispelike bronne wil bekendmaak nie, eenvoudig vra dat U Edele asseblief moet onttrek. Bloot die feit dat hy bo sit en* **Sarel** *onder moet staan is mos 'n duidelike teken van bevooroordeeldheid...?*

Maak hom diep

En ter afsluiting nog ietsie oor Jacob Zuma en sy boesemvriend, regter Zondo.

Sal **Sarel** 'n koerantopskrif raaksien waarin ou Jacob nou 'n nuwe klaaglied aanhef: Zondo berei Zuma se graf voor.

• **Sarel** *wou met alle mag die regter bel en vra dit moet asseblief dieper wees as die gebruiklike ses voet, messel hom uit met gewapende beton en laat sak die beton deksel met 'n stewige hyskraan. Net om seker te maak. Maar toe het* **Sarel** *nie die Edele se nommer nie...*

HNP se landposadres

Posbus 18826,
Pretoria-Noord,
0116

"Penny wise, pound foolish"

"As daar nou een ding is wat **Sarel** al lankal besef het, is dat hy en sy Afrikane-landgenote eenvoudig nie dieselfde vorm van denke het nie.

Ons Boeremense kyk vorentoe, die toekoms in, ja, selfs die hiernamaals in. Afrika se mense kyk agtertoe, wie se skuld is dit. Dis nie 'n kwessie van "Ek het van die fiets afgefoeter nie", nee, "Die fiets het my afgegooi". Dus is die fiets die skuldige. Daarom is alles in die land apartheid en Jan van Riebeeck se skuld – verlede tyd.

Daar waar hulle ophou dink, by gister, is daar 'n onoorbrugbare dag se verskil, want ons dink van vandag af vorentoe. Dis maar net **Sarel** se ervaring van mense.

Ook ekonomies dink ons anders. Ons dink vryemark, jaag wins na, betaal dan maar die belasting maar ten minste word daar gewerk en geproduseer.

Aan die ander kant word nie geproduseer, maar geprotesteer, wat nie bou nie, maar breek. Daar word gewerk om die vryemark te vervang met streng beheerde kommunisme, waar almal gelyk sal wees en gelyk sal hê. Wel, sommige sal meer gelyk wees en sal dus ewe veel meer hê.

Die onteieningsverhore is weer in volle gang. Die doelwit is "transformasie". Reeds "getransformeerde" grond na grondeise, het 'n suksesverhaal van ongeveer 7% opgelewer. Dit beteken dat sowat 93% misluk het. Dit is plase wat ophou produseer het. Geen voedsel nie. Geen belasting nie.

As daar geen primêre landbouproduksie is nie, kan geen verwerking plaasvind nie en verbeur die staat die geleentheid om BTW daarop te hef.

In plaas daarvan dat boere gelos word om te boer, hulle produksie op te jaag en hulle winsgewendheid te verhoog, word allerhande maatreëls ingestel om daardie doelwit te frustreer. Minimumlone word verhoog, Eskom-tariewe word verhoog, waterheffings en grondbelasting en binnekort kan prysbeheer op meer produkte verwag word as die pas aangekondigde prysbeheer op gemmer en knoffel. Dit alles dra by dat boere se winsgewendheid verlaag word. As boere gelos word om soveel moontlik wins te maak, gaan hulle soveel meer belasting betaal, wat tot voordeel van die hele land aangewend kan word. Nou sny die regering sy belastingbasis weg en pleeg hy in wese ekonomiese selfmoord.

• *Dit is soos die Engelse dit noem: "Penny wise but pound foolish..."*

Lesers sê hul sê

Lesers is welkom om kort briewe en menings te stuur aan vandegraafhenk@gmail.com vir publikasie in *Die Afrikaner*. Die redaksie behou ten alle tye die reg voor om briewe te plaas of nie te plaas nie, of om briewe te verkort en taalkundig te versorg. Briewe met 'n laster-like of kwetsende inhoud sal nie vir publikasie in aanmerking kom nie.

(Red.)

Nuwe Konserwatiewe Sosiale netwerk nodig

Die Afrikaner van 26 Maart 2021 het betrekking. Hiermee wil ek graag net die redaksie van ***Die Afrikaner*** gelukwens met 'n baie interessante en netjiese koerant. Ek het veral die berig oor Donald Trump, wat moontlik 'n nuwe sosiale platform sal begin, baie interessant en verblydend ervaar.

Die diskriminasie van "Big Tech", en spesifiek Facebook en Twitter, teen konserwatiewe Christene, is genoeg om enige regdenkende persoon warm om die kiewe te maak. Ek lees vanoggend in 'n konserwatiewe Amerikaanse internetkoerant dat Facebook nou Trump en sy span in kennis gestel het dat hulle geen videos met sy stem op hulle platform sal toelaat nie.

Dit is nou tyd dat daar 'n sosiale platform daargestel word waar konserwatiewe Christene se stem gehoor kan word (of gelees kan word) sonder sensorskap. Ja, daar's reeds sulke platforms, maar hulle kan nog weens verskeie redes nie kompeteer met die groter linkse (kommunistiese) platforms soos Facebook en Twitter nie. Hopelik kan Trump die situasie met 'n nuwe platform verander.

Verder het ek in die spesifieke uitgawe van ***Die Afrikaner*** ook veral die buitelandse berigte baie insiggewend gevind. Baie dankie daarvoor.

J. Smuts
Pretoria

Rasse het unieke eienskappe

Ek verwys na 'n artikel op Netwerk 24 op 30 Maart 2021 deur prof. Anton van Niekerk, waar hy antwoord op 'n skynbaar vroeëre plasing van prof. Amanda Gouws.

Moet ons na al hierdie filosofiese twak luister? "Witheid" het die norm geword omdat die ontwikkelde wêreld en die beskawing soos ons dit vandag ken, primêr deur die wit ras tot stand gekom het. Hoe donkerder die ander rasse, hoe minder was/is hulle bydrae tot ontwikkeling. Hulle besef dit en daarom voel hulle minderwaardig.

Die oorsaak van die minderwaardigheidsgevoel is die onrealistiese en onwerklike liberale filosofie van gelykheid van alle mense. Dit skep 'n onrealistiese en onhaalbare verwagting dat almal gelyk moet wees en dat die wêreld moet verander om te wees soos die liberaliste dink hy moet wees.

Maar die werklikheid is dat almal nie gelyk is nie, dat elke ras sy unieke eienskappe en vermoëns het, en dit is 'n gegewe van die skepping. Wat ons is, kan hulle nooit wees nie, en wat hulle is, wil ons nie wees nie.

Die liberale filosowe wil eintlik die Skepper blameer omdat Hy nie die mensdom geskep het soos wat hulle dit wil hê nie.

A Breytenbach
Kleinfontein

Gaan ons onteiening aanvaar soos die res?

Daar word opgemerk dat die laaste openbare deelname verhore oor die Onteieningswetsontwerp in Noord-Transvaal plaasvind. Van hierdie sirkusagtige openbare deelname verhore vind selfs op Saterdag en Sondag plaas.

Is die weeksdae nou te min vir die staatsamptenare, of is dit maar net weer 'n bykomende wyse om geld uit die reeds bankrot staatskas te trek vir sogenaamde oortyd?

Verder is dit tog bekend dat die boeregemeenskap sterk Christelike beginsels handhaaf en dat hulle Sondae in die kerk is. Daarom sal die Sondagverhoor waarskynlik geen amptelike voorleggings uit landbougeledere oplewer nie. Dit bring dus weer eens die proses en motiewe onder verdenking.

Die laaste vraag is of boere enigsins daar sal kan inkom om beswaar teen die wet te maak? Die voorstanders van die wet word met busse aangery en met pap en wors omgekoop om daar te wees. Hulle is sommer al vroeg-vroeg daar en sit die sale vol – sale wat nou in elk geval beperk word deur Covid-regulasies.

Uiteindelik weet ons wat die uitkoms gaan wees: die wysiging gaan aanvaar word en die diefstal van grond en ander bates gaan "wettig" word. Gaan ons dit ook so gelate aanvaar as wat ons alles wat al gesteel is, aanvaar het?

Bekommerde Boer
Nylstroom

Onstabiliteit

(Van bladsy 1)

Daar is volgens Maluleke ook belangrike openbare entiteite wat ook onder finansiële druk verkeer en daar is 21 openbare instellings wat onsekerheid geopenbaar het oor of hulle in staat sal wees om voort te gaan as 'n lopende saak. Dit sluit in die Padongelukkefonds, Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap (Sanral), die Eiendomsbestuursentiteit en 'n aantal provinsiale openbare entiteite.

In die private sektor gaan dit nie veel beter nie, as gevolg van regeringsbeleid. Swart bevoordeling en "affirmative action" het gesorg vir onbekwame aanstellings, ter wille van velkleur en politieke gewin.

Die amptelike werkloosheidsyfer staan op 32,5%, maar die informele werkloosheid is 40%. Dit beteken dat daar maandeliks 19 miljoen mense is wat sosiale toelaes van die staat ontvang. Volgens Statistieke SA was daar in Desember 2019 nog 10,234 miljoen mense in die formele sektor werksaam. Dit het gedaal tot 9,64 miljoen in Desember 2020. Sowat 1,394 miljoen poste het verlore geraak in 2020 en 'n "Beyond Covid"-peiling waarsku dat 'n verdere 1,2 miljoen mense hulle werk nog kan verloor binne afsienbare tyd. Ook die Internasionale Monetêre fonds verwag dat werkloosheid in Suid-Afrika gaan styg, al het hulle met 'n redelik onhaalbare verwagting van 'n 3,1% groei vir die SA-ekonomie vorendag gekom.

Comair, wat ook Kulula.com insluit, is ook van die Johannesburgse aandelebeurs gedenoteer nadat hulle verlede jaar in vrywillige sakeredding gegaan het. Dit is steeds onseker of hulle die mas gaan opkom, veral nou dat dit blyk dat SAL hulle nie 'n boete kan betaal wat opgelê is omdat SAL aan onbillike praktyke rakende mededinging in die lugvaartbedryf skuldig bevind is.

Die openbare uitsaaier, SABC, het meer as 600 werknemers einde Maart afgedank.

In die landboubedryf is daar kommer dat die regering nog meer onekonomiese maatreëls kan instel, nadat daar uit die bloute prysbeheer op knoffel en gemmer geplaas is en die vermoede is dat dié beginsel stilweg verder gevoer kan word. Aan die ander kant word boere verplig om 16,1% meer aan minimumlone te bestee en dat Eskom sy tariewe ook met 16% opgeskuif het.

Politieke waarnemers en ekonome is dit eens dat hierdie gebeure 'n reuse-impak op die land kan hê, nie net ekonomies en polities nie, maar ook rakende veiligheid. Nog meer werkloosheid en nog meer armoede kan net 'n sneller word vir nog meer en groter gewelddadige optrede as wat reeds gesien word. Uitsprake soos dié van Magashule maak blankes 'n steeds groterwordende teiken van ekonomiese en fisiese terrorisme, word gesê.

Apartheid

(Van bladsy 4)

Ongeveer 3 500 000 van hierdie kaarte is uitgereik en daar was geen maatreëls om te verhoed dat die ontvangers daarvan meer as een keer gestem het nie. In De Klerk se biografie bevestig hy: "A massive numbers of double votes were casted; temporary voter's cards were issued with hardly any identity verification; many people younger than 18 years voted and many polling stations exercised no real control... the irregularities were so serious that many of my senior colleagues in the National Party wanted us to challenge the election results in the courts — we certainly had enough legal grounds to do so..." (*De Klerk: 353*).

Maar De Klerk het niks van dié aard gedoen nie. Die Tussentydse Grondwet wat vanaf die dag van die verkiesing in werking getree het, het voorsiening gemaak vir 'n nuwe (lees: swart) regering wat aan bewind sou kom, selfs al sou die OVK die verkiesing nie as vry en regverdig verklaar nie, solank dit net "'n "resultaat" kon verklaar (*Tussentydse Grondwet, Wet 200 van 1993, Artikel 250*). Die ANC het die verkiesing natuurlik met 'n oorweldigende meerderheid gewen en toe die hoof van die OVK dit nieteenstaande al die ongerymdhede as "vry en regverdig" sertifiseer, het hy lakonies verklaar dat 'n mens "nie kan verwag om rein te bly in 'n hoerhuis nie".

Op 10 Mei 1994 is Nelson Mandela as president van Suid-Afrika ingesweer — 'n man wat wyd en syd as 'n soort god beskou is. Dog op daardie selfde dag was hy en baie ander in sy nuwe regering in lande soos die VSA nog as terroriste gelys wat spesiale verlof benodig het om daardie lande te besoek — 'n posisie wat dekades daarna nog sou voortduur. (*The Guardian, 28 October 2013*).

De Klerk het nie die moeite gedoen om eers die helfte van sy vyfjaartermyn as adjunkpresident in die klug van 'n Regering van Nasionale Eenheid uit te dien nie. Gedurende 1996 het hy die Boere-Afrikanermense summier met die bitter vrugte van sy gekonkel, verraad en bedrog gelos. *Die Burger*, 'n Afrikaanse koerant en een van sy gewese lofsangers, het op 6 Februarie 1997 geskryf dat dit te betwyfel was of De Klerk die 1992-referendum sou gewen het as die kiesers geweet het wat hy met daardie mandaat sou doen — "want hy het 'n mandaat gevra vir magsdeling, nie een vir oorgawe nie" (*Die Burger, 6 Februarie 1997*).

“Sy doodkry was (nog steeds) nie”

‘n Stel van 8 DVD’s (ook op ‘n geheuestokkie) oor die politieke ontwikkeling oor dié afgelope 50 jaar en die rol van die HNP om die oorgawe aan die ANC te probeer keer.

Die vertellings word gestaaf deur unieke foto- en lewendige video-materiaal uit dié era.

R800 per stel van 8 DVD’s (netjies verpak)
of ‘n geheuestokkie.

‘n Politieke voëlvlug oor 50 jaar

Op 2 Februarie 1990, 30 jaar gelede, het mnr FW de Klerk sy bekende **Rooi Vrydag-toespraak** gehou. Op daardie dag het hy aangekondig dat die SAKP ontban gaan word en dat die kommunis, Nelson Mandela, vrygelaat gaan word.

Dié toespraak, met die daaropvolgende onderhandelings met die ANC en die SAKP, die skryf van ‘n nuwe grondwet en die onwettige een mens een stem-verkiesing in 1994, het daartoe gelei dat die eens vooruitstrewende Suid-Afrika tot rommelstatus verval het.

Maar dit was nie net mnr FW de Klerk wat verantwoordelik was vir dié toestand nie.

Na die moord op dr HF Verwoerd was daar vir 25 jaar politieke toegewings wat gelei het tot mnr De Klerk se oorgawe.

Hoe lyk dié politieke geskiedenis? Wat was die politieke toegewings wat oor 50 jaar plaasgevind het?

Is daar teen dié toegewings gewaarsku, wal gegooi, weerstand gebied?

- Lees dit alles in die HNP se Gedenkalbum: ‘n Politieke voëlvlug oor 50 jaar!
- Die koste is R590 per boek. Koerier-koste is R100.

Bestellings en navrae:

Tel 079 752 4898
(voormiddag)

info@hnp.org.za

Bankbesonderhede vir betalings

HNP	Absa Tjekrekening
Takkode	632 005
Rekeningnommer	020 001 348
Verwysing:	U van + Album